

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 133 6 April 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel


Berigte en Kennisgewings

REDAKSIONEEL

My stukkie aarde

Grond bly 'n emosionele saak. Nie grond in sy samestelling nie, maar in terme van eienaarskap. 'n Neutrale beskrywing van 'grond" lui as volg: "Grond is 'n mengsel van verweerde materiaal, vloeistowwe en gasse wat aan die aardoppervlak of net onder die oppervlak voorkom. Die nie-verweerde materiaal word rots genoem. Grond is dus aanvanklik verweerde rots. Die vormingsproses van grond is 'n verweringsproses en is 'n gevolg van die effek van hitte en koue, die effek van die son, reën en wind op die rots, wat uiteindelik tot 'n breuk in die rotsgesteente lei. Die rotsblokke kom dan los en rol na benede, waar kleiner gedeeltes daarvan deur riviere meegevoer word na die estuarium (rivierdelta). As gevolg van verder slytasie ontstaan steeds kleiner deeltjies, soos grond, sand en klei. Minerale en organiese deeltjies bind met hierdie deeltjies (sand, klei en grond) en verskillende mengsels bepaal watter tipe grondsoort dit is: Sandgrond, kleigrond of leemgrond. Alle tipes grond bestaan dus uit die volgende:

Gronddeeltjies



Grondwater

Grondlug

Organiese materiaal

Grondmikrobes¹

Dit maak nie saak hoe wetenskaplik daar na grond gekyk word nie, die emosionele reaksies is uiteenlopend. Daar word meer stryd gevoer oor een stukkie papier (titelakte) as oor die presiese samestelling van 'n lappie aarde. Kom ons begin teologies korrek en stel dat geen mens eintlik grond besit nie, alles behoort aan God. Die mens word net as rentmeester oor 'n stukkie aarde aangestel. Hierdie kortstondige rentmeesterskap kom vir die meeste mense neer op "besit". Ons handel daarmee, ons laat dit aan ons kinders na, onsleen geld teen die grond. Ons bewerk die grond, verniel die grond, bewaar die grond.

Grondbesit het veral teen die begin van die 20e eeu 'n saak van groot belang geword. Europa sou oor grondgebiedoorlog voer. Van loopgraaf na loopgraaf sou troepe heen en terug veld wen en verloor. Teen 'n koste nie in geld of goud gemeet nie, maar in menselewens. Hitler sou die Duitse strewe na lewensruimte (*lebensraum*) gebruik om die volk saam te snoer, dit terwyl dit deels dieselfde strewe was wat die Eerste Wêreldoorlog laat uitbreek het. Beheer oor

¹ <https://af.wikipedia.org/wiki/Grondsoorte>

grond het die Britte en Amerikaners die bekende D-dag inval laat loods. Duitsland was klaar besig om die oorlog te verloor en die Weste wou keer dat die Russe die hele Europa opslurp. Dit was letterlik 'n wedloop om grond, tot in Berlyn in.

Hier aan die suidpunt van Afrika het sake so ietwat anders verloop. Na die noorde was daar nomadiese stamme wat van plek tot plek beweeg het na gelang van die seisoen en die wyding. Na die suide was daar mense wat 'n nuwe lewe aan die suidpunt van Afrika kom maak het. Dit is vandag 366 jaar gelede dat Jan van Riebeeck hierdie proses van nuwe boorlinge vanuit die suide begin het. Hulle was landbouers wat die land besit en bewerk het. Elkeen het geweet watter stuk grond behoort aan wie. 'n Strewe na vryheid het gemaak dat 'n groep van hierdie nuwe Afrika-boorlinge noord beweeg het. Teen die suidkus op was nie meer moontlik nie. Die Xhosas wat suid beweeg het, het met die boere wat noord beweeg het, gebots. Hierdie eerste grensoorloë het suid van die huidige Ciskei begin in 1779 nC. Die nuwe beweging van die suide se Afrikane was na die onbewoonde binneland toe, Vrystaat en Transvaal. Daar het elkeen vir hom 'n stukkie grond gaan afmeet. Sommiges het aanbeweeg na Natal toe. Diegene wat grond wou bewerk wat na hulle denke aan die Zoeloes behoort het, het gaan grond koop, ook teen 'n prys hoër as goud. Piet Retief se dood was deel van die prys wat betaal is. Daar is met ander woorde met baie meer as net geld betaal vir die grond wat deur die boere bewerk is. Soos die boere gevestig geraak het, het van die nomadiese stamme ter wille van veiligheid ook nader aan die suide se Afrikane getrek.

Hierdie simplistiese vertelling wil tog aandui dat die grond nie eers aan een groep

Afrikane en toe aan 'n ander groep behoort het nie. Die grond was daar, onbeset en onbewerk. Een groep het inbeweeg, begin boer en van die nomade het toe ook meer gevestig geraak. Beide groepe was Afrikane, die een groep het net self-identifiseer as Afrikaners.

Die regering van die dag se dreigemente van grondonteining sonder vergoeding is 'n gevaelike spel. Elke Afrikaan wat grond besit, sien dit as sy stukkie grond. Hulle het goeie historiese redes vir daardie oortuiging. Owerhede se begeertes om grond te gryp, is so oud soos die mensdom. I Konings 21 vertel van grond en onteining sonder vergoeding. Nabot, Agab en Isebel se verhaal, is een van leuens, valse aanklagte en moord. Die moderne Nabot se valse aanklag teen hom is nie dat Hy God en koning gevloek het nie, maar gaan dalk net wees dat sy velkleur bewys is dat hy 'gesteel' het. Die moorde het reeds begin. Dit beloop in die afgelope 3 jaar reeds meer as 200! Ag kom nou. Gun elkeen sy ou stukkie grond. Dit doen die ekonomie goed. Grond is nie rykdom nie, grond bring net rykdom vir die landbouer wat hard werk, voortdurend bid en dan met dankbaarheid na die oes kyk. "Dit is my stukkie grond daar!"

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

STEEDSHERVORMER-BYEENKOMS

Na aanleiding van verskeie versoekte vanuit 'n oningeligde NHKA kerkvolk, is daar ooreengekom om verskeie **Steeds-Hervormer** byeenkomste te hou om lidmate wat nie deel is van die GHG nie oor verskeie sake in te lig. Die eerste van hierdie byeenkomste vind op Woensdag **2 Mei 2018** teen 16:00 in **Mosselbaai** of omgewing plaas. Die presiese lokaal sal na konsultasie

bepaal word. Dit lyk asof dit in die omgewing van Hartenbos kan geskied. Maak reeds die datum vas, ons sien uit daarna om met u te gesels. Belangstellendes kan Dr Otto kontak by 0827677891. Daar word ook byeenkomsbeplan vir die Springbokvlakte (Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit omgewing), Die Bosveld (Ellisras, Vaalwater, Botswana grens) en die Laeveld (Phalaborwa, Tzaneen, Hoedspruit).

EISBEINFees

Die EISBEINFees te Kosterdam

En so het vanjaar se 2018 Eisbeinfees tot 'n einde gekom met 'n groot gejuig, met diepe dankbaarheid en baie nederigheid. Afrikaners is plesierig.

Die Hervormde Kerk Koster bied elke jaar, omtrent net so voor die Maart skoolvakansie, ons Eisbeinfees by die Kosterdam aan. Die Eisbeinfees het natuurlik 'n finansiële doel, maar sekerlik meer belangrik vir ons, is om as gemeente saam te werk en so 'n band met mekaar te kan vorm. Dit is 'n grootse poging wat raakvat, spanwerk en koördinasie verg. Ons beplan maande lank saam, bekyk die statistieke en hou vergaderings. Ons stry en verskil van mekaar, ons sweat en maak planne, en so leer ons mekaar beter ken. Uiteindelik het ons as gemeente saam gedien en saam aanbid, het ons saam gehoop en saam geglo.



Dit is vir ons 'n groot voorreg om deel van Koster gemeente se Eisbeinfespoging te wees en ons wil graag hiermee 'n paar bedankings doen. Opreg en nederig: Aan die Heer wat Sy kerk instandhou deur Woord en Gees, as dit nie U wil was nie, sal enige menslike poging tot niks kom nie. Uit U hande ontvang ons seën en voorspoed, reën en genade – hier op aarde, maar veral vir ons geestelike lewe. Aan U, O Here, behoort al die eer en dank.

Opregte dank aan elke lidmaat wat so hard gewerk het, vir elke bydrae wat u gemaak het, ure se beplanning en opoffering, u gesindheid en goedhartigheid, u ondersteuning en liefde. So staan 'n gemeente saam en so werk ons saam. Wat 'n voorreg om deel van die gemeente te wees! 'n Spesiale dank aan die bestuurspan en groepleiers, vir julle beplanning en insette, vir die leiding wat julle geneem het, vir vasvat en raakvat. Dankie aan mense wat nie eers in ons gemeente is nie, en wat kom help het en so hard gewerk het.



Vrydagdaag het met 'n gesellige Bok en braai-aand afgeskop. Dit was die perfekte aand om buite in die natuur en bosveld, langs die dam te wees. Die kampeerders het mooi en goeie staanplekke gehad en kamp was opgeslaan. Dankie aan die span wat die terrein so georden en gereed gemaak het – dit was perfek. Die afskortings, parkering, sekuriteit, nooddienste, skoonmakers, vullis

verwydering en 'n innoverende "skuifel-trokkie" (Shuttle diens). Baie dankie aan die span wat ons toegang en kaartjies se goed hanteer en gekontroleer het. Die braaiers moes bontstaan en sweat en die opdieners in die kombuis het flink raakgevat en uitstekende diens gelewer. Ons het heerlike braavleis, pap en sous gehad van hoogstaande gehalte. Kerrie & rys en boerewors rolletjies. Om 'n perfekte Eisbein te kry, het jy spesialiste nodig en BAIE harde werk – hierdie was die perfekte Eisbeins. Evert Swart was die seremoniemeester en kunstenaar wat Bok van Blerk se vertoning op die gepaste wyse opgewarm en ingelei het. 'n Heerlike aand met Afrikaners is plesier op sy beste – Bok en braai-aand was 'n lekkerkry en 'n groot jolyt. Baie dankie aan almal wat betrokke was.



Saterdagoggend vroeg was alles reg vir die 3 roetes Bergfiets wedrenne: 50 km, 25 km & 10 km. Heerlike vars Pannekoek en koffie was gereed by die inskrywings en registrasie. Baie dankie aan julle vir professionele en harde werk om die bergfietsrenne so 'n groot sukses te maak. Die deelnemers het hulle eie parkering met sekuriteit gehad. Die Bergfiets roetes het deur wildplase geloop en dit vat baie ure en kilometers se baie harde werk om daardie roetes gereed te kry vir so 'n wedren. Baie dankie aan die boere wat hulle plase so blootgestel het en al die ure se werk en

voorbereiding wat julle ingesit het. Dankie aan die deelnemers se ondersteuning. Die res van Saterdag was daar baie aktiwiteite op die feesterrein. Baie dankie aan Elrize Maree, ons mev Rustenburg 2018, en die modelle vir die modeparade aangebied. Kallie die Nar het die kinders behoorlik agter hom laat aanloop. Daar was 'Quad' fietse, verfbal skiet en interessante stalletjies. Elkeen wat kom help en reg gestaan het in die kombuis en die braaiers in die son, dit was bitter harde werk maar flinke diens van heerlike ontbyt, pap en kaiings, kerrie en rys, boerewors rolletjies, heerlike sosaties, Pigpaninni's, chip-n-dip, koeldrank en die biertuin. Die boeremark stalletjie het interessante tuisgebak, inlè-geregte en meubels gehad. Beskuit, vars gebakte boerbrode, tuisgemaakte gemmerbier.

Baie dankie aan almal wat deel was om die Eisbeinfees so 'n sukses te maak.



Ons het 'n nuwe item aangebied waar ons opkomende Afrikaanse kunstenaars die geleentheid gegee het om hulle talent te ontwikkel en ten toon te stel. En wat 'n voorreg was dit nie om die talent van hierdie kunstenaars te kon beleef. Odette is jong dame wat van Rustenburg af kom. Carma het al die pad van Potchefstroom gery en Heidi en Die Ventertjies kom van Pretoria en

die Oosrand. Julle kan gerus hierdie kunstenaars dophou, hulle gaan nog groot kunstenaars word.



Saterdagaand het sy hoogtepunt bereik met Rikus Nel en Liza Bronner se vertoning en Afrikaners was plesierig.

Baie dankie vir die EISBEINFEES 2018 – dit was ‘n lekkerte, dit was ‘n voorreg – ‘n groot sukses.

NUUS VAN ELDERS

Eers was dit die Van der Hoff-gebou en daarmee saam Barton keep. Wie sou kon raai wat is volgende. Dit was met skok en verbassing dat ons kennis geneem het dat die (in vele aspekte) bakermat van die NHKA nie meer deel van die NHKA is nie. Die kerkgebou in Du Toitstraat se verkoop lui 'n armer era in.

In daardie kerkgebou het vele lidmate en predikante hulself in hul geloof uitgelewe. Geslagte se predikante is in daardie gebou georden en het op die einste tafel die Proponentsformule onderteken.


Die meubels, die kansel, die hout afronding oral, verlore.

Miskien sou dit goed gewees het indien die NHKA tydens hierdie uitgerekte hofstryd oor ons eiendomme, ook verhoed sou wees om enige transaksie aan te gaan. Ons heg nog waarde aan ons geskiedenis, ons herkoms, ons identiteit.

Intussen verkoop hulle alles vir die lensiesop van die nuwe RSA en ons kan nie eens aan die normale gang van ekonomiese aktiwiteite deelneem nie.

Die Hervormde Kerk in Du Toitstraat in Pretoria Sentraal, behoort van nou af aan die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank. Foto's 29.03.2018. (Dit beteken ons museum moet binnekort trek.)

— with Christo Pretorius.



Missie van die Geloofsbond

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes het ten doel om samewerking tussen selfstandige gemeentes te faciliteer en bevorder.

Die GHG erken die outonomiteit van alle gemeentes as selfstandige verskyningsvorme van die "een heilige algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels".

Die Bond erken dat daar sake is wat nie maklik deur die plaaslike gemeente behoorlik hanteer kan word nie.

GHG skep die ruimte vir gemeentes om hulle roeping uit te leef, sonder om as Bond self 'n afsonderlike grootheid te wil word.

GHG sien leersake, akkreditasie van predikante, teologiese opleiding, Kerkordelike reëlings, administrasie, kommunikasie en onderlinge ondersteuning as sake van **gemeenskaplike belang**.

GHG skep daarom werksruimtes waarbinne verkose persone aan hierdie sake aandag kan gee. Voorstelle word by wyse van konsensus aanvaar en word dan deel van gemeentes se werkswyse.

Gemeentes is **outonom** in die sin dat:

- gemeentes nie meer melkoeie is om 'n topswaar instituut finansieel regop te hou nie.
- die gemeente die plek is waar die kerk sigbaar is, werk en diensbaar word.
- oormatige voorskrifte van meerdere vergaderings ons nie verstregel tot 'n onbeweeglike struktuur nie.

In Koersvas 132 is oor die saak berig. Na aanleiding van reaksie, sekere motiverings. Ons bied ook graag 'n verskoning en 'n verklaring. Eers die verskoning en verduideliking: Die saak ter sprake word onderstreep: "*Dit is hartseer dat daar in hierdie week weer eens 'n brief deur mnr Jan Greyling vanuit Oshakati na alle gemeentes se ouderlinge versend is. Die inhoud daarvan spreek van onkunde of 'n doelbewuste poging tot verdagmaking en onmin saai. Onder die briefhoof van "Ouderling Jan Greyling" maak mnr Greyling sekere ernstig aanvegbare stellings.*" Die bewering word gemaak dat daar op die wyse gepoog word om te krenk of te verneder. Ons ken dit ook uit die stryd met die NHKA toe hulle ons predikante graag as "meneer" aangedui het.

Dit is allermis die geval hier. Die taalgebruik was bloot poging om uiting te gee aan die nuwe status van die kerk in Oshakati. Die ere-titel van ouderling word in eie groep gebruik. Ons verwys nie na ouderling So-en-so van die APK of die NHG nie, ons verwys na Prof/Dr/Ds/Mnr/Mev. Indien dit as poging tot vernedering verstaan word, bied ek onvoorwaardelik verskoning aan vir die misverstand. Ons het genoeg troebel water om nog die saak te vererger. Oprechte jammer -Dr Johan Otto.

Die tweede saak was die vraag na die wenslikheid van die bekendmaking van die onrustigheid. "Gaan die NHKA hulle nie nou verlekker in ons pyne nie?" Enige persoon wat hom verkneukel in ander se ellendes, moet na die aard van sy geloof ondersoek instel. Daarmee saam is dit beter dat alles aan die daglig blootgestel sal word. Onaangenaamheid, onrus en struweling groei van krag tot krag in die duister van geheimhouding.

ONREGMATIGE KORRESPONDENSIE

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjie lyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en
besprekings 0829082831
auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
 - Kwitansieboeke
 - Offergawe boeke
 - Dames Kwitansieboeke
 - Konsistorie boeke
 - Reklame plakkate en ander drukwerk
- ella@teamworkprinters.com

DIE OORD PV3

KARNAVAL
SATERDAG
14 APRIL 2018
9HOO TOT 14HOO

STALLETJIES:
KOS
PANNENKOEK
ROOMYS
POEDING
KOELDRANK
TEE EN KOFFIE
VERKOPE:
TUISNYWERHEID
PLAASSTAL
WIT OLIFANT
TOMBOLA
FOTO HOEKIE
VERSKEIDENHEID SPELETJIES
VIR OUD EN JONK

KOM GENIET 'N FEESTELIKE OGGEND
SAAM BY ONS JAARLIKSE
FONDINSAMELINGS KARNAVAL
••••• TEN BATE VAN •••••
INTELLEKTUELLE GESTREMDE VOLWASSENES
IN 'N VEILIGE LANDELIKE OMGEWING.

DIE OORD PV3 IS GELEE OP DIE
R513 HARTEBEESPOORTDAM

GPS:
-25°702552, 27°852534
25°42'09.2"S 27°51'09.1"E

DIE OORD KAN GEKONTAK WORD:
(E) OORDPV3@IAFRICA.COM
(T) 012 253 0750/1/2
(W) WWW.OORDPV3.CO.ZA

TOEGANGSFOOI:
R20 PER MOTOR



Hervormde Gemeente Roedtan



BILTONG JAG

*Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!

ter waarde van

R50 000

Beoordelaars trekking is finaal en op 10 Junie 2018



AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugreeëling • verhitte swembad • braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe • vries- en yskas • ysmasjien
- DSTV • skoonmakers • gifse • oplasai & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

Jagpakket:

11-15 Julie 2018
Verblyf vir 10 persone vir
5 dae by Harlou Jagplaas
- Roedtan

- 1 x Blouwildebees
- 2 x Rooibokke
- 2 x Blesbokke
- 2 x Vlakvarke

1 x Rooihartebees

Koste per Kaartjie:

R60